

Die Tien Plae (2)

Die Tien Plae (2) – Coen Slabber

'Science is but one form of rationalism, while religion is the most common form of superstion (Jerry Coyne – genetikus)

The only difference between The Da Vinci Code and the gospels is that the gospels are ancient fiction while The Da Vinci Code is modern fiction – Richard Dawkins.

Die Bybel en godsdiens is 'n bygeloof en fiksie. Dit is die siening van twee prominente wetenskaplikes. Een van die redes waarom hulle die Bybel en godsdiens verwerp, is juis oor wonderwerke. Hulle glo dat daar vir alles 'n rasonele verduideliking moet wees en dat die Bybel se beskrywing van wonderwerke verbeeldingsvlugte is.

Die vraag: Is die tien plae 'n wonderwerk of is daar natuurlike oorsake wat die plae kan verduidelik? Dit is nie 'n vergesogte vraag nie. Kyk net 'n bietjie later in Eksodus: die Israeliete is vasgekeer tussen die Rietsee en farao se leër. Dan lees ons: *Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind weggedryf, sodat die water oopgekloof en die see daar drooggelê is (Eksodus 14:21).* Was die tien plae nie net 'n aantal natuurrampe wat ons gereeld in daardie gebied kry nie? Was dit nie net 'n jaar van abnormale weersomstandighede nie?

Plaaig 1: Water word bloed. Wetenskaplikes kom met verskeie voorstelle na vore om dit te verduidelik:

- Daar was min reën en daarom was die vlak van die Nyl laag. Die water was modderig – rooi.
- Daar was abnormaal baie reën en die Nyl was in vloed. Die kleur was rooi as gevolg van die rooi grond wat ons

in die Etiopiese hoogland kry en deur die vloed afgespoel is.

- Dit was die sogenaamde rooigety – toksiese alge in die water wat die water rooi verkleur. Hierdie is nie 'n ongewone gebeurtenis langs ons eie kus nie. Die gevolg is dat die water ondrinkbaar word en die visse vrek.
- Daar was 'n vulkaniese uitbarsting – waarskynlik by Santorini in Griekeland. Die as beland in die rivier en kleur die rivier rooi. Weereens word die water ondrinkbaar en die visse vrek.

Plaaq 2: Paddas. Enigiets wat visse laat vrek, sou veroorsaak dat die paddas die rivier verlaat – en vrek. Party wetenskaplikes beweer dat die vrektes onder die paddas die gevolg van inwendige antraks was.

Plaaq 3 en 4: Muggies en steekvlieë. Die stinkende dooie paddas lok allerhande insekte soos muggies, vlieë, streekvlieë, vlooië, ens. Hulle is natuurlike draers van allerhande siektes. Paddas beheer ook die insekgetalle – min paddas, baie insekte.

Plaaq 5 en 6: Pes onder die vee en swere. Die insekte versprei allerhande siektes onder mense en diere. Die bytplekke van die insekte kan septies word en aanleiding gee tot swere. Ons moet onthou dat daar hope paddas, vullis en selfs rou rioolvuil langs die Nyl was – 'n ideale broeiplek vir insekte.

Plaaq 7: Hael. Alkant van die Nyl is daar die warm, droë woestyn. Dit vorm 'n soort tregter wat bevorderlik is vir die ontstaan van donderstorms. Dit kan ook wees dat weens die vulkaniese aktiwiteit daar heelwat as en swael in die atmosfeer was. Dit kon die weerpatroon verander het. In Josua 10 lees ons van die oorwinning oor vyf Amoritiese konings. *Terwyl hulle op die vlug was vir Israel ... het die Here ... groot*

haelstene op hulle laat val. Daar is meer van hulle deur die hael dood as wat deur die Israëliete met die swaard doodgemaak is (vers11).

Plaaq 8: Sprinkane. Sprinkaanswerms is nie onbekend in daardie gebied nie. Hulle broei ook uit as die grond nat is.

Plaaq 9: Drie dae donker. Bloot as gevolg van hulle getalle kon die sprinkane die land donker gemaak het. Dit was meer waarskynlik dat die gevreesde *khamsin* – die warm woestynwind wat erge stofstorms, wat dae lank kan duur, veroorsaak – die oorsaak vir die donkerte was. Die donkerte kan ook die gevolg van vulkaniese as in die lug gewees het.

Plaaq 10: Dood van die eersgeborenes. Daar is geen indikatie van watter siekte – indien enige – verantwoordelik was vir die dood van die eersgeborenes nie. Sommige meen dat na die drie dae van donkerte sou, soos dit die gewoonte was, die oudste seun eerste kos gekry het. Weens al die klimaatsversteurings het 'n fungus in die graan gegroei wat verantwoordelik was vir hulle dood.

Dit alles laat ons met 'n klomp vrae. Kom ons kyk of ons bevredigende antwoorde kan kry:

(1) Het die plae wel plaasgevind? *The Telegraph* (27 Maart 2010) plaas 'n artikel met die opskrif: *Biblical Plagues really happened*. Daarin sê 'n aantal wetenskaplikes dat daar bewyse is dat die plae wel plaasgevind het.

(2) Hoekom is die Israëliete gespaar? Die Israëliete het nie in die Nyldelta gewoon nie, maar in die *Wadi Tumilat* wat oos van die Nyl geleë was. Die farao het dit raakgesien (Eksodus 9:7), maar hy bly onversetlik. In Eksodus 15:26 lees ons: *Julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in my oë, gehoor gee aan my gebooie*

en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here wat julle gesond hou. Is dit nie God se voorsiening dat die Israëliete juis daar gewoon het nie?

(3) Was die plaë die gevolg van natuurlike oorsake – klimaatverandering en natuurrampe? Daar is drie aspekte wat plaë as ons die plaë aan natuurlike oorsake wil toeskryf:

- Die plaë was erger as wat die Egiptenare normaalweg ondervind het. So lees ons van die haelstorm: *so erg soos dit nog nooit was vandat daar mense in Egipte woon nie* (Eksodus 9:24).
- Die reeks rampe so kort op mekaar. 'n Mens sou nie sommer tien natuurrampe so kort op mekaar verwag nie.
- Die tydsberekening – hoekom juis nou? God het vir Moses in die woestyn geroep: *Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israëliete, uit Egipte kan bevry* (Eksodus 3:10). Hy kom in Egipte aan en gaan sien die farao. Toe die farao weier dat die Israëliete uit die land trek, begin die plaë. Die Israëliete het vas geglo dat die plaë God se oordeel was – die straf vir 'n hardkoppige farao.

My gevolgtrekking: God het die plaë oor Egipte en die farao gebring. In die proses kon Hy van klimaatstoestande gebruik maak het – Hy is immers ook God oor die natuur.

Verwysings:

J. Daniel Hays en J. Scott Duval (redakteurs): *The Baker Illustrated Bible Handbook*. Baker Books (2011)

Philip W. Comfort en Walter A. Elwell (redakteurs): *Tyndale Bible Dictionary*. Tyndale House Publishers (2001)

Skrywer: Dr Coen Slabber

Die Tien Plae (1)

Die Tien Plae (1) – Coen Slabber

Die plae het in die lente of vroeë somer van ongeveer 1400 vC plaasgevind. (Daar is sekere teoloë wat 'n heelwat later datum voorstel – ongeveer 1200 vC.). Dit was in die Nyldelta gekonsentreer. Wat ons wel weet, was dat die plae baie erg was. So lees ons van die sewende plaag – hael – *so erg soos dit nog nooit was vandat daar mense in Egipte woon nie* (Eksodus 9:24). Daar is ook onsekerheid van hoe ver uitmekaar die plae was. Daar mag selfs 'n paar maande tussen plae verloop het.

Ons lees van die eerste plaag – die water van die Nyl wat bloed geword het – in Eksodus 7:14 en van die laaste plaag – die dood van die eersgeborenes – in Eksodus 13:30. Daarna laat die farao die Israeliëte wegtrek uit Egipte. In Psalm 78:44 – 51 lees ons ook van die plae. Net ses plae word daar genoem en die volgorde verskil ook van dié in Eksodus. [Ook in Psalm 105:28 – 36 lees ons van die plae.]

Watter teologiese betekenis het die tien plae? Hoekom nou juis tien plae? Hoekom het God nou juis plae gestuur – God kon mos in sy almag die Israeliëte sonder enige ophef verlos het? Die antwoord kry ons in Eksodus 9:15 – 16. Die Here gee aan Moses 'n opdrag wat hy aan die farao moes oordra: *Na regte moes Ek nou al my hand uitgesteek het en jou en jou mense met 'n pes*

van die aarde af uitgewis het. Daar is net een rede waarom Ek jou nog laat lewe, en dit is dat Ek jou my mag kan wys en my Naam daardeur oor die hele wêreld geroem kan word. God probeer nie die farao oortuig dat sy teenstand tevergeefs is nie, maar deur 'n lang proses wys God vir hom dat God se mag sterker is as dié van die farao en al sy gode.

Dit is ook nie 'n toets van die farao se uithou vermoë nie. Reeds na die tweede plaag was die farao bereid dat die volk kan gaan. (Hy het wel later sy besluit verander.) Na die sesde, agste en negende plaag lees ons dat dit die Here is wat die farao steeds koppig laat bly het. Farao is bereid om die handdoek in te gooi, maar God wil voortgaan – Hy wil hê die mense moet besef dat hy nie net die God van die Hebreëuse slawe is nie, maar die God van die hele wêreld – ook van Egipte.

Die godsdienstige betekenis van die tien gebooië weerspieël elemente van die Egiptiese godedom in die sin dat God telkens teenoor een van die Egiptiese gode te staan kom en elke keer seëvier:

- Die Nyl is verpersoonlik en gesien as 'n god – *Hapi*. Deur die water in bloed te verander oorweldig die God van Israel Egipte se god wat lewe bring.
- Die god *Hept* word afgebeeld as 'n padda. Hy was die god van vrugbaarheid en kindergeboorte. Farao het vroeër probeer om die getal Israëliete te beperk deur die Hebreëuse vroedvroue opdrag te gee om alle seuntjies onmiddellik na geboorte dood te maak. Daarna beveel die farao dat elke pasgebore seuntjie in die Nyl gegooi moet word. Nou gaan die paddas dood!
- *Ra* was die songod – 'n belangrike god in Egipte. Die negende plaag – drie dae donker – was nie net ongemaklik nie, maar ook 'n bewys dat Israel se God groter as Egipte se songod was.

- *Hat-hot* was in die vorm van 'n vers en *Apis* in die vorm van 'n bul. Die vyfde plaag – pes onder die vee – het weereens bewys dat Israel se God groter was as die Egiptiese gode.
- *Die farao* is self as 'n god beskou.

Dit is duidelik dat Israel se God groter was as al die gode van Egipte.

Israel se God kon ook die elemente beheer. Die farao se towenaars kon wel die eerste twee plaë nadoen. Hulle kon ook hulle kieres in slange verander – al vreet die slang uit Aäron se kerie hulle slange op. Maar verder as die tweede plaag kom hulle nie. God, daarenteen, het die hele skeppingsorde tot sy beskikking om Israel te verlos.

Ons het reeds gelees dat die farao se hart verhard het. Hoe gebeur dit?

- I. *Maar Ek sal die farao hardkoppig maak (7:3)* – God maak hom hardkoppig.
- II. *Die Here het vir Moses gesê: 'Die farao bly onversetlik, hy hou aan weier om die volk te laat trek' (7:14)*. Ons kan dit as 'n neutrale stelling sien.
- III. *Maar toe die farao sien dat daar verligting gekom het, het hy weer onversetlik geword (8:15)*. Hier is dit nie God wat hom hardkoppig maak nie – dit is die farao self wat hom verset.

In Romeine 9:18 sê Paulus: *Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil.*

Die farao se reaksie op die plaë is baie interessant – hy probeer met God onderhandel. *Julle moet die Here bid dat Hy die paddas van my en my mense af wegvat. Dan sal ek die volk laat gaan dat hulle vir die Here kan gaan offer (8:8)*. Toe daar verligting kom, word die farao weer hardkoppig. Nou kom

'n klein toegewing: *Julle kan vir julle God gaan offer, maar hier in dié land* (8:25). Later maak hy nog 'n toegewing: *Net die mans gaan!* (10:11). Na die negende plaag nog verdere onderhandelinge: *Julle vrouens en kinders kan saamgaan, maar julle kleinvee en julle grootvee moet hier agterbly* (10:24). Na die tiende plaag besef die farao dat jy nie met God kan onderhandel nie: *Gee pad onder my mense uit, julle twee en al die ander Israeliëte! Gaan dien die Here soos julle gevra het! Vat julle kleinvee en julle grootvee soos julle gevra het, en trek!* (12:31 – 32). 'n Mens, nie eers die farao van op daardie stadium die magtigste land in die wêreld, kan met God onderhandel nie.

As kinders het ons geleer van die tien plae. 'n Indrukwekkende storie ... niks meer nie. Kyk ons egter van nader is daar heelwat lesse wat ons kan leer. In hierdie kort oorsig het ons 'n paar van hierdie lesse uitgelig:

(a) God gebruik die plae om die farao, en vir ons, te oortuig dat sy mag alle magte op aarde oortref. Hy is sterker as die Egiptiese afgode; Hy is sterker as ons afgode soos geld, besittings, status, ens.

(b) God kan die elemente van die natuur beheer.

(c) Ons kan nie met God onderhandel nie.

Ons sit egter voor 'n probleem: Daar is baie wetenskaplikes wat die hele idee van wonderwerke verwerp – jy kan alles aan natuurlike oorsake toeskryf. Geld dit ook vir die plae? Is die plae 'n reeks natuurrampe wat “toevallig” op daardie stadium plaasgevind het? Kan ons die plae met ons rede verduidelik? In 'n volgende artikel gaan ons daarna kyk

Verwysings:

J. Daniel Hays en J. Scott Duval (redakteurs): The Baker

Illustrated Bible Handbook. Baker Books (2011)

Philip W. Comfort en Walter A. Elwell (redakteurs): Tyndale Bible Dictionary . Tyndale House Publishers (2001)

Skrywer: Dr Coen Slabber